
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2023**

**NASIENRIGLYNE**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: KORTVERHALE

## VRAAG 1: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

## VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | (Op 'n) Sondag(môre) | 1 |
| 1.2 | • Hy het te veel gedrink.<br>• Hy was dronk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3.1 | • Jan<br>• Die skoonmaker<br>• Een van die mense wat in die hotel gewerk het<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3.2 | Hy moes gaan kyk of Rooikoos in sy (eie) kamer/kamer 11 was.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| 1.4 | gelykop gespeel/kop-aan-kop gespeel | 1 |
| 1.5.1 | simpatiek teenoor | 1 |
| 1.5.2 | vir Rooikoos 'n goeie les leer | 1 |
| 1.6 | • Rooikoos het van sy stoel afgeval omdat hy te veel gedrink het.<br>• Die Barrydalers het Rooikoos na hulle hotel toe gevat.<br>• Die Barrydalers het Rooikoos se baard afgeskeer.<br>• Rooikoos het gehuil, want hy het nie geweet wie hy was nie.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.7 | D/nie die dinge geken het wat hy buite die hotelkamer gesien het nie. | 1 |
| 1.8.1 | D/... gee vir ons meer inligting oor Rooikoos. | 1 |
| 1.8.2 | E/... het geweet wat om te sê om te keer dat die mense met mekaar baklei. | 1 |
| 1.8.3 | A/... was seker dat sy dorp se span gaan verloor. | 1 |
| 1.8.4 | C/... het Rooikoos die Sondagoggend laat besef dat hy nie in sy eie kamer was nie. | 1 |
| 1.9 | Hulle het geweet dat ...<br>• Rooikoos te veel drink/'n drankprobleem het.<br>• hy reeds dronk was.<br>• hy aggressief raak/moeilikheid veroorsaak as hy dronk is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | Die Barrydalers het ...<br>• hom in die hotelkamer laat slaap/nie buite iewers gelos nie.<br>• hom nie aangerand/seergemaak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.11 | Rooikoos ...<br>• het verkeerd opgetree.<br>• het met die rugbywedstryd ingemeng.<br>• het swak sportmangees gewys.<br>• moes leer dat daar gevolge is vir die dinge wat hy doen.<br>• het die losskakeltjie laat skrik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | Aan die einde van die verhaal ...<br>• soek Rooikoos na homself.<br>• weet Rooikoos self nie wie hy is/herken hy homself nie.<br>• weet/verstaan Rooikoos nie wat aangaan nie/waar hy is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13 | Hulle het saam ...<br>• (in Jakob se motor) rondgery.<br>• radio geluister.<br>• (met Willem se) vingerbord gespeel.<br>• die whisky gedrink.<br>• in die ouetehuis gebly.<br>• 'n ooreenkoms aangegaan.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.14 | Die een wat eerste sterf, sou vir die ander een 'n teken kom gee (dat daar lewe na die dood is).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.15 | B/Willem se dood | 1 |
| 1.16 | 'n vergelyking | 1 |
| 1.17.1 | bang is vir spoke | 1 |
| 1.17.2 | van die ooreenkoms vergeet | 1 |
| 1.18.1 | kamer | 1 |
| 1.18.2 | Andries | 1 |
| 1.18.3 | Onse Vader/gebed | 1 |
| 1.18.4 | televisie/TV | 1 |
| 1.19 | • Die ander inwoners het nie van Jakob se probleem geweet nie.<br>• Jakob het vir niemand van sy probleem vertel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20.1 | D/Jakob het beter geslaap. | 1 |
| 1.20.2 | E/Jakob het skielik baie vrae oor die lewe na die dood gevra. | 1 |
| 1.20.3 | C/Die "medisyne" het nie dieselfde geproe nie. | 1 |
| 1.20.4 | B/Op die gewone tyd het die bottel op die gewone manier oopgegaan. | 1 |
| 1.21 | • Die twee vriende was soos broers.<br>• Jakob en Willem het mekaar se laaste jare lekker gemaak/baie dinge saam gedoen.<br>• Dit wys dat ons almal behoefte aan goeie vriende het.<br>• Dit bewys dat 'n mens nooit te oud is om nuwe vriende te maak nie.<br>• Jakob en Willem se vriendskap is 'n goeie voorbeeld van ware vriendskap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | • Matrone wou vir die Bestuur sê om iemand anders saam met Jakob in die kamer te sit.<br>• Matrone het hom nie tyd gegee om te treur nie.<br>• Matrone het gesê die waglys is lank.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.23 | Die skrywer ...<br>• noem baie dinge wat Jakob probeer het om die bottel oop te kry, maar dit het nie gehelp nie/die bottel wou nie oop nie.<br>• herhaal die woord "nie" om te bewys dat Jakob se planne nie gewerk het nie.<br>• noem die voorbeelde van dinge wat Jakob probeer het om die bottel oop te kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | Ek leer dat ...<br>• 'n mens mooi moet dink voordat jy enige ooreenkoms met iemand anders aangaan.<br>• jy moet hou by die ooreenkoms wat jy gemaak het.<br>• dit maklik is om 'n ooreenkoms te maak, maar nie so maklik om dit uit te voer nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" – Henriette Grové**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1 | (By die) kerkverkoping/koekverkoping<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| 2.2 | C/gebly het by dit wat sy vir Peet gevra het. | 1 |
| 2.3.1 | (Vir) sy ma | 1 |
| 2.3.2 | Sy het gesê Peet (en Kit) is kinderagtig/dat sy nie tyd het vir kinderagtigheid nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.4 | moedeloos/desperaat/bekommerd<br>*(Of soortgelyk. Enige gevoel wat aandui dat Peet angstig was om die resep in die hande te kry.)* | 1 |
| 2.5 | slaapkamer | 1 |
| 2.6 | • Kit het ja gesê om met Peet te trou as hy die resep vir haar sou kry.<br>• Tant Nelie het haar resepteboek weggegee.<br>• Kit het tant Nelie se resep gebruik om veerpluime te bak.<br>• Peet het gesê dat hy nie meer met Kit wou trou nie.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br><br>1<br>1<br>1 |
| 2.7.1 | gelukkig | 1 |
| 2.7.2 | teleurgesteld in | 1 |
| 2.8.1 | D/... wou die Maré-tradisie bewaar. | 1 |
| 2.8.2 | E/... het gelukkig die waarheid besef voordat dit te laat was. | 1 |
| 2.8.3 | B/... het iets verkeerd gedoen om iemand anders te help. | 1 |
| 2.8.4 | A/... sou enigiets doen om die eerste prys vir gebak te wen. | 1 |
| 2.9 | • Tant Nelie was moeg om die resep te probeer beskerm.<br>• Tant Nelie het gevoel niemand waardeer haar pogings om die resep in die familie te behou nie.<br>• Ursula sou die resep erf, maar sy het Peet gehelp om dit vir iemand anders te steel.<br>• Peet en Ursula het te ver gegaan deur die resep te probeer steel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.10 | • Peet het nie met Kit getrou nie.<br>• Peet het teruggekom na haar toe./Sy en Peet is getroud.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.11 | Ek leer dat ...<br>• dit verkeerd is om toe te laat dat iemand jou manipuleer.<br>• 'n mens nie moet toelaat dat ander jou manipuleer nie.<br>• die dinge wat jy doen omdat jy gemanipuleer word, hartseer vir ander mense kan veroorsaak.<br>• 'n mens soms verkeerde dinge sal doen net om iemand anders tevrede te stel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.12 | • Alles wat in hierdie kortverhaal gebeur, draai om tant Nelie se veerpluime/veerpluim-resep.<br>• Sonder die veerpluime/veerpluim-resep sou daar nie 'n storie gewees het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "OPGANG" – Ina Rousseau**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.13.1 | Lukas | 1 |
| 2.13.2 | jaar | 1 |
| 2.13.3 | lap/materiaal | 1 |
| 2.13.4 | skoonsuster | 1 |
| 2.13.5 | • voetjie<br>• armpie<br>• tandjies<br>• spoeletjie<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 2.14 | B/kwaad gevoel het | 1 |
| 2.15 | • hemde (vir die seuns)<br>• rokkies (vir Katrien)<br>• broekies (vir Katrien)<br>• mooi klere vir haarself<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.16 | personifikasie | 1 |
| 2.17 | Hy wou nog altyd vir haar 'n masjien gekoop het, maar daar was nie geld nie.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.18.1 | saam met Hannetjie bly oor haar nuwe masjien | 1 |
| 2.18.2 | nuuskierig | 1 |
| 2.19.1 | C/Hannetjie moes altyd vir Lot vra of sy haar masjien mag gebruik. | 1 |
| 2.19.2 | E/Hannetjie het kort-kort na haar nuwe masjien gaan kyk. | 1 |
| 2.19.3 | D/Hannetjie sou verskillende dinge met haar masjien kon doen. | 1 |
| 2.19.4 | A/Lot kon nie meer dink dat sy beter was as Hannetjie nie. | 1 |
| 2.20 | • Lot het Hannetjie seergemaak/skuldig laat voel omdat sy haar pla.<br>• Lot het Hannetjie laat voel sy is lastig.<br>• As jy instem om iemand te help, behoort jy nie die hele tyd kwaai te wees daaroor nie.<br>• Hannetjie het nie haar eie masjien gehad nie.<br>• Hulle was familie.<br>• Mense moet mekaar met 'n lekker hart help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.21 | • Die kinders was saam met hulle ma bly oor die nuwe masjien.<br>• Hulle het geweet hulle ma hou daarvan om baie naaldwerk te doen.<br>• Hulle het geweet sy gaan vir hulle nuwe klere maak.<br>• Tussen hierdie mense was 'n nuwe naaimasjien 'n groot gebeurtenis.<br>• Hulle kon sien hulle pa was ook bly dat hy uiteindelik vir hulle ma die masjien kon koop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.22 | Die skrywer ...<br>• sê dat Hannetjie kort-kort na haar masjien gaan kyk het.<br>• noem al die/baie dinge wat Hannetjie gedoen het wat gewys het dat sy bly was oor haar masjien.<br>• noem dat Hannetjie wou tjank/huil van geluk.<br>• noem dat Hannetjie gevoel het die masjien maak 'n vrou van aansien van haar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.23 | Dit laat my goed voel, want ...<br>• dit was die regte ding om te doen.<br>• dit bewys dat Hannetjie ...<br>  ○ waardeer het wat Lot al die jare vir haar gedoen het.<br>  ○ nie selfsugtig/ondankbaar/suinig was nie.<br>  ○ nie lelik teenoor Lot wou wees nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 40**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 3: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Silwerkloof/Silwerklof | 1 |
| 3.1.2 | 3/drie | 1 |
| 3.1.3 | Sabrina | 1 |
| 3.1.4 | strooi/gras/hooi/(ou)strooi | 1 |
| 3.2 | • Haar pa woon in Australië/oorsee/ver/in 'n ander land/Australië/ nie in Suid-Afrika nie<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | 1 |
| 3.3 | B/hy nie glo wat Wilma van perde vertel nie. | 1 |
| 3.4 | 'n metafoor | 1 |
| 3.5 | • saal(s)<br>• leiband(e)<br>• tooms<br>• stiebeuels<br>• perde se toerusting *(Sluit kolpunt 1 – 4 in, indien kandidaat hierdie antwoord gee – slegs 1 punt)*<br>*(Enige TWEE of soortgelyk)* | 2 |
| 3.6 | graad 12/matriek | 1 |
| 3.7.1 | skrikkerig is vir | 1 |
| 3.7.2 | arrogant is | 1 |
| 3.8.1 | D/... se straf vir Lucky het vir hom gewys dat ander mense ook seerkry en swaarkry. | 1 |
| 3.8.2 | A/... het gedink Lucky sou goeie lesse oor diere op die perdeplaas leer. | 1 |
| 3.8.3 | E/... het vir Lucky verduidelik dat 'n mens uit jou foute moet leer. | 1 |
| 3.8.4 | B/... het vir Lucky laat besef dat hy gelukkig is om 'n ma te hê wat vir hom sorg. | 1 |
| 3.9 | Lucky ...<br>• was nie 'n gelukkige mens nie/het slegte dinge in sy lewe ervaar/was ongelukkig.<br>• het oor baie dinge gekla/was altyd ontevrede/negatief.<br>• het lelik/kru gepraat/ander gespot.<br>• het gedink hy is die enigste een wat seerkry/swaarkry.<br>• was ongelukkig omdat hulle arm was/sy ma baie hard moes werk.<br>• is gestraf vir iets wat hy verkeerd gedoen het/moes gemeenskapsdiens uitdien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.10 | • Hy stereotipeer ryk mense./Nie alle ryk/wit mense is sleg nie.<br>• Dis lelik om mense rotte te noem.<br>• Dis verkeerd om so te verwys na mense wat jy nie eens ken nie.<br>• Hy moet ander mense respekteer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.11 | Die dramaturg/skrywer wil vir ons wys/beklemtoon dat Wilma ...<br>• baie lief is vir haar perde/die perde mooi behandel.<br>• weet hoe om met haar perde te werk/gewoond is daaraan om met perde te werk.<br>• weet wat om te doen om die perde rustig te hou.<br>• regtig glo diere verstaan wat mense sê.<br>• diere respekteer.<br>• met 'n merrie/vroulike perd praat.<br>• die perde soos/as haar kinders sien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.12 | Mense soos Wilma ...<br>• help ander mense/het 'n goeie hart/is goeie mense.<br>• gebruik haar perde om gestremde/hartseer/ongelukkige mense te help, bv. Binki/Lucky/Ansie/die De Beers/twee Downsindroom-kinders/'n seun wat breinskade het.<br>• gee vir kinders soos Lucky 'n kans om meer van perde te leer.<br>• leer mense om diere te respekteer/verstaan/hanteer.<br>• leer ons dat 'n mens uit jou foute kan leer.<br>• wys dat daar tweede kanse is en dat jy dit moet benut.<br>• veroordeel nie.<br>• wys vir ons dat daar nog goeie mense op aarde is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.13 | (Op) Saterdag/Saterdae | 1 |
| 3.14.1 | (Met) Grace | 1 |
| 3.14.2 | • Die perd se been/poot was gebreek/het seergekry.<br>• Die perd het baie pyn verduur/het gely.<br>• Die veearts kon sien dat die perd nie sou regkom nie/kon die perd nie help nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.15 | B/verbaas | 1 |
| 3.16 | Lucky se ma ...<br>• het hom geleer om ouer mense met respek aan te spreek.<br>• het hom geleer om hulle nie op hulle name te noem nie.<br>• het vir hom goeie maniere geleer/hom reg geleer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.17.1 | verstaan | 1 |
| 3.17.2 | negatief | 1 |


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.18 | • Wilma was geskok.<br>• Sy het dit nie verwag nie.<br>• Sy was woordeloos/het nie geweet wat om te sê nie.<br>• Sy was hartseer/ongelukkig/het sleg gevoel.<br>• Sy was kwaad vir Lucky/het nie daarvan gehou nie.<br>• Sy was teleurgesteld/ontsteld.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde wat op 'n negatiewe emosie dui.)* | 1 |
| 3.19 | • Lucky was jammer dat hy Wilma 'n ou dronkie genoem het.<br>• Lucky het die hele storie van die katjies vir Binki vertel.<br>• Lucky het probeer om Kaizer te slaan.<br>• Lucky het vir Kaizer gesê hy is jammer dat hy die katjies doodgemaak het.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 3.20.1 | D/Binki was skaam oor die letsels wat sy opgedoen het. | 1 |
| 3.20.2 | E/Wilma het die perde se krag gebruik om ander mense te help. | 1 |
| 3.20.3 | C/Lucky is gestraf omdat hy wreed teenoor diere opgetree het. | 1 |
| 3.20.4 | A/Lucky het respek vir diere gekry. | 1 |
| 3.21 | Lucky ...<br>• het self sy naam op Binki se foon na *Extra Lucky* verander.<br>• het baie goeie lesse oor die lewe geleer/geleer dat ander mense ook swaarkry.<br>• het geleer dat daar ook goeie dinge in sy lewe is/dat hy meer het as party ander kinders/het besef hy het 'n goeie ma.<br>• en Binki het maats geword/het vriende geword met Wilma/die perde.<br>• het geleer om diere en ander mense met respek te behandel.<br>• het nie meer oor alles gekla nie.<br>• het vergifnis by Kaizer gekry.<br>• se lewe/houding het positief verander/was nou gelukkig.<br>• was bly, want sy ma het by mense gewerk wat goed was vir haar.<br>• het geleer dat ryk mense ook probleme het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.22 | Binki ...<br>• was nie meer bang vir die perde nie.<br>• het saam met die perde/Lucky en Wilma in die rondte gehardloop.<br>• het nie meer omgegee/was nie meer skaam dat ander haar letsels sien nie.<br>• het sonder moue rondgehardloop.<br>• het vrede met haar omstandighede gemaak/was nie meer hartseer omdat haar ma haar so sleg behandel het nie/haar nie kom haal het nie.<br>• het haarself/die dinge wat met haar gebeur het, aanvaar.<br>• het haar ma "Ma" genoem.<br>• was tevrede om op die plaas te bly.<br>• het nuwe maats gemaak.<br>• het besef sy is nie alleen nie.<br>• was nie meer skaam nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.23 | • **TITEL:**<br>○ Die perde is fisies sterk.<br>○ Die perde het baie krag.<br>○ Die perde kan swaar werk doen.<br>○ Die perde kan gevaarlik wees.<br>○ Die perde het die vermoë om siek mense te help/genees/ beter te maak.<br>○ Die perde verstaan mense. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>• **KAIZER SE OPTREDE:**<br>○ Kaizer was nie bang vir Lucky nie.<br>○ Kaizer se krag het Lucky bang gemaak.<br>○ Kaizer sou Lucky baie seer kon maak.<br>○ Kaizer het Lucky vergewe en so gehelp om die skuld oor die katjies te verwerk.<br>○ Kaizer het sy kop op en af geskud.<br>○ Kaizer het sy poot vir Lucky gelig.<br>○ Kaizer het sy neus teen Lucky se skouer gedruk.<br>○ Kaizer het Lucky 'n beter persoon gemaak.<br>○ Lucky het respek vir Kaizer. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(**Let wel:** Titel en optrede kan na die letterlike of figuurlike betekenis verwys.)* | 2 |

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**


SA EXAM PAPERS